## KERKVERNUWING EN EREDIENSVERNUWING.

DR. A. C. BARNARD

**Stelling**: Elke ware vernuwing van die kerk lei tot vernuwing van die erediens, en elke ware vernuwing van die erediens lei tot vernuwing van die kerk.

### I. DIE WESE VAN DIE KERK SOOS DIT STEEDS VERNUWE MOET WORD.

#### (a) Die wese van die kerk.

In die verskeidenheid name waarmee die kerk in die Skrif aangedui word, word reeds die wese van die kerk weerspieël: „huis van God", „die broederskap", „die kudde van God", „die Israel van God", „die bruid van Christus", „die volk van God", „die heiliges", „die uitverkorenes", en die „ekklesia" (die kerk).

Deur die werk van God-Drieënig kom die kerk as die vergadering van verlostes tot stand. Sentraal staan Jesus Christus, maar agter Jesus Christus staan die Vader wat Hom gestuur het.

Daarom is die kerk die eiendom en bouwerk van God in Christus. Dit is gefundeer in Christus, in sy sending wat uitgeloop het op sy kruisiging en opstanding. Hý is die Middelaar en deur Hom is die vyandskap van die mens teen God „doodgemaak" (Ef. 2:16) en het daar versoening gekom tussen God en die sondaar. Hierdie verandering geskied veral deur die werking van die Heilige Gees.
Sondige mense kry deel aan die kerk deurdat hulle antwoord op die roepstem van Christus. Christus vergader vir Hom 'n gemeente, Hy bind mense aan Hom; Hy roep op tot geloof in Hom en tot die navolging van Hom. In Christus, deur die werking van die Heilige Gees, kom die mens tot die ware ontmoeting met God, wat alles verander. Dít is die kerk van Jesus Christus- mense wat met Christus gesterf het en met Hom opgestaan het uit die dood van sonde, wat wederbaar is tot die kinders van God; wat die omvattende keuse teenoor Jesus Christus gedoen het; wat oorgegaan het uit die dood na die lewe, uit die duisternis na sy wonderbare lig; wat blywend aan Hom verbind is die Here en Hoof; wat Hom gehoorsaam in alles; wat Hom dien en van Hom in die wêreld getuig.

Uit hierdie allerintiemste verbondenheid van die gelowiges met Christus, vloei die onderlinge verbondenheid met mekaar.

Die wese van die kerk word in die Skrif ook onder 'n hele aantal beelde uitgedruk: die liggaam met sy lede waarvan Christus die

Hoof is; die wynstok met sy lote; die navolging van Christus; die bruid van Christus; die gebou van lewende stene gebou op die fondament van Christus; die Goeie Herder wat deur sy stem sy skape agter Hom verenig; ens. (Vgl. ook N.G.B.Art. 27; Heid. Kat. Sondag 21).

**(b) Vernuwing van die Kerk.**

Die kerk van Jesus Christus is 'n verhouding -van die enkele lede afsonderlik en almal saam teenoor Christus en teenoor mekaar.

Hierdie verhouding word op baie maniere bedreig en moet steeds lewend gehou word. Daarby moet die kerk groei in grote en diepte.

Vernuwing is steeds nodig, want die geloof kan moeg word, die liefde kan sy gloed verloor, die arbeid kan die dinamiek mis, die geloofslewe kan versand in vormlikheid en sleur, die kruis kan sy sentrale betekenis verloor en die Gees van God in sy werking gehinder word.

Die hele Skrif is daarvan vol om te waarsku teen terugsakking, teen verkoeling, teen verwêreldliking en teen sonde, en om tot vernuwing op te roep. Die hele geskiedenis van die kerk is een lang pynlike demonstrasie van die gevare wat die kerk bedreig en verlam en wat om vernuwing geroep het en nog roep.

Dit is dié groot werk van die Heilige Gees om te oortuig van sonde en doodsheid en die vernuwing te bring in elke aspek van die lewe en werk en kerk.

Vernuwing van die kerk beteken die algehele oorgawe aan Christus, sodat daar weer vir Hom ruimte kom. Dit beteken die onvoorwaardelike gehoorsaming van Hom en die bereidheid om in die wêreld tot sy beskikking te staan. Vernuwing omvat die hele bestaan, gedaante, arbeid en roeping van die kerk — dit is 'n nodige, maar duur saak. Tot hierdie omvattende vernuwing word die kerk steeds weer geroep. Wat die kerk in praktyk is, moet steeds weer so na as moontlik ooreenkom met wat die kerk na sy wese is en moet wees.

## II. DIE EREDIENS SOOS DIT ALTYD NUUT MOET BLY.

**(a) Erediens en belydenis.**

In verskillende Christelike kerke kry ons verskillende vorms van erediens en 'n groot verskil in opvatting oor wat die erediens is. Immers, soos 'n kerk glo, so aanbid hy. In die erediens word die hele gestalte van die kerk geopenbaar. Die wyse waarop 'n betrokke kerk die Skrif verstaan en in sy belydenis uitdruk, is bepalend vir

die opvatting oor die erediens. Daar bestaan dus nie „'n" erediens wat in die lug hang nie, maar altyd die erediens van 'n betrokke kerk.

Waar hier gespreek word oor die erediens, daar is dit die erediens soos dit in die Skrif uitgespel is en wat in die kerk van Gereformeerde belydenis tot gestalte gekom het.

Vir ons lê die beginsels vir die erediens in die Skrif aagegee. Ons vind wel in die Skrif geen duidelik uitgewerkte en voorgeskrewe wyse presies waarvolgens die erediens ingerig moet word nie, maar die **saak** van die erediens en die wese daarvan word vir ons duidelik aangegee. Ook vind ons in die Skrif in die name wat vir die erediens gebruik word en in die wyse waarop dit ingerig is en in dogmatiese uitsprake, riglyne vir die erediens.

Daar is veral twee tydperke in die geskiedenis van die kerk wat vir die verstaan van die erediens van die grootste belang is, naamlik die Vroeë Kerk en die Tyd van die Reformasie. As kerk van die Reformasie is die groot gedagtes van die Skrif in die belydenis saamgevat en dit bevat ook vir ons belangrike leidrade vir die beskouing oor die erediens.

Waar ons eers duidelikheid gekry het oor wat die erediens volgens die Skrif en die Gereformeerde belydenis moet wees, het ons die basis waarop ons moet staan en van waaruit ons verder moet gaan.

Waar die kerk 'n bepaalde belydenis onderskryf, het hy hom reeds uitgespreek oor 'n bepaalde wyse waarop die erediens verstaan en ingerig moet word. Hierdie noue samehang tussen erediens en belydenis moet steeds gehandhaaf word.

**(b) Die naam.**

In die Nuwe Testament vind ons verskillende name vir die erediens, soos: Latreia, Threskeia, Sebesthai, Leiturgia. Elkeen beskryf sekere aspekte van wat in die erediens geskied, maar geeneen alleen druk ten volle uit wat daar gebeur nie.

Die enigste begrip vir die erediens in die N.T. wat die ware wese daarvan uitdruk, en wat ook veelvuldig voorkom, is: **Samekoms, in die Naam van Jesus saamkom, samekoms om die Here te dien en te** eer (Mat. 18:20; 1 Kor. 5:4; Hand. 4:31; 20:7; 1 Kor. 11:18, 20; 14:23; Jak. 2:2; Heb. 10:25).

Wesentlik vir die erediens van die N.T. is dat die gemeente saamkom, saamkom met mekaar en veral met hulle opgestane Heer. Hier waar hulle met mekaar saamkom en so met hulle Heer saam-

verkeer, is dit om God te loof en te verheerlik, om sy groot dade in Christus te verkondig, om Hom te aanbid en die sakramente te gebruik.

(c) **Die wese van die erediens.**

i) **Die erediens is iets ander as 'n kultus.** In die N.T. tree die terme van die kultus soos offer, priester, seremonie op die agtergrond. Op die voorgrond staan, soos gesien, die samekoms. In die **kultus** is dit die mens wat op die voorgrond staan en trag om God te bereik en te behaag. Dit mag allerhande skone vrugte wees van die mens se hande en van sy gees wat aan God gebied word, maar tog, dit is die mens wat begin en wat dit bied. Daarom is dit van **hier,** van benede, van die **mens.**

Die **erediens** van die N.T. kom van God. Dit is 'n werk van God in eerste instansie. Sy werk aan en vir ons is die begin, die grond en inhoud van die erediens. Dit is wel waar dat wat in die erediens gehoor en gesien word, menslike woorde en handelings is, maar wat nog meer is, is dat die verborge woorde en dade daaragter, wat God sê en doen, die eintlike geheim van die erediens is. Van begin tot einde moet ons agter alles in die erediens die sprekende en handelende God sien.

ii) **Die gang van God na die mens.** Die hele erediens is een groot gang, koms van God na die mens in sy nood en sonde, om in en aan hierdie mens te en die verhouding tussen die mens en God te herstel. Hierdie koms van God tot die handeling aan die mens, is die primêre in die erediens.

Hierdie werk van God, hierdie koms van God, het 'n naam: Jesus Christus. Dit beteken : God wil na ons kom, met ons gaan en by ons bly. Jesus het mens geword. Hy het sy wêreld liefgehad, nie stukkend geslaan nie. Hy kom **tot** ons, nie **van** ons nie. Wat ons erediens noem, leef alleen geheel en uitsluitlik van hierdie diens van God aan ons (M. Mezger).

Daarom moet ons steeds oog kry vir die **ontvangskarakter** van die erediens. God skenk, ons as mense ontvang -sy genade, sy liefde, sy verlossing, die nuwe verhouding en die nuwe lewe. Dit is God wat gee en wat eerste gee en altyd weer moet gee. Hiervan leef die kerk en die erediens. (G. Voigt). In die erediens gaan dit nie in die eerste plek om wat ons behoefte is nie, maar wat Christus doen en van ons verlang (K. Barth).

iii) **Die gang van die mens na God.** Die koms van God na die mens en sy handeling aan hom, het tot gevolg dat die mens ook na God kom. Die aksie van God roep die reaksie by die mens wakker.

Daarom is die erediens ook een groot gang, koms van die mens na God om sy genade en liefde te beantwoord. God se gawes word in genade aangeneem. Hy antwoord deur gebed, lof, belydenis, offergawes, gehoorsaamheid, ja deur die selfoorgawe. Die koms van die mens na God in die erediens is die sekondêre. Omdat dit Christus is wat deur sy Gees alles aan ons skenk, moet ons ons laat beskenk. Ons moet ons sy werk wat aan ons s'n voorafgaan, laat geval. Hoewel dit vir ons as mense vernederend skyn, is dit tog die heerlikste dat ons na God kom in die erediens- met die leë, oop hand. Daarop wag Hy. Ten diepste kom dit daarop aan om so voor Hom te kom staan, niks te doen nie, maar Hom te laat doen.

iv) **Die eintlike middelpunt van die erediens.** Die eitlike middelpunt, die oorsprong, die handelende Subjek van die erediens, is God in Christus Jesus. Alles wat die mens doen en bydrae, is maar 'n antwoord hierop, 'n resonans van wat God in Christus gedoen het. Daarom is dit inder waarheid 'n diens ter ere van God.

Die grond en inhoud van die erediens draai veral om die verlossingswerk van Christus. Hiervan weer is sy plaasvervangende sterwe en opstandng die hartstuk. Met Christus het die groot nuwe bedeling aangebreek. Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegdra (Joh. 1:29,35). Hy is tegelyk ook die ewige Hoëpriester wat Homself geoffer het. (Heb. 7:26,27; 9:11-15).

Behalwe dat Christus die besondere grond en inhoud van die erediens is, is Hy steeds op 'n besondere wyse in die erediens teenwoordig. Nooit mag ons vergeet dat Hy teenwoordig is en dat ons steeds in alles met hierdie teenwoordigheid moet reken nie. Die erediens is „die aanskoulikste, digste, die sentraalste, die duidelikste vorm van die teenwoordigheid van Christus" (A. D. Müller).

Christus is nie alleen in die erediens teenwoordig nie, maar dit eintlik Hy wat in die erediens sy gawes en Homself aan ey gemeente meedeel. Deur sy Gees maak Hy sy woorde lewend en sy offer ter sake. Ons kan met K. F. Müller sê: Ons eredienste „are a special arena of the love of God."

v) **Die omvattende ontmoeting.** Hierdie gang van God na die mens, van die gemeente na God, loop uit op die omvattende ontmoeting van die mens met God. In hierdie ontmoeting maak God sy heilige Naam aan ons bekend en word ons eie sondige naam vir ons bekend. Hy kyk ons in die oë, in ons hart en siel en openbaar ons diepe bederf aan ons, sodat ons daaroor berou kry, dit haat en bely. In die ontmoeting open God sy hart teenoor ons en vra tegelyk ons hart. Die ontmoeting met God bring ons voor die groot keuse van ons lewe. By elke verdere ontmoeting in die erediens, is dit 'n voortsetting van hierdie keuse.

Diè omvattende keuse teenoor God, gaan veral oor die aflegging en vollediger aflegging van ons ou self, die uitlewering van die geheime gode in ons harte en die breek met die besoedeling van die wêreld.

Die aflegging wat die ontmoeting met Christus meebring, is slegs maar om ruimte te maak vir die realisering van die nuwe lewe in Christus. In die ontmoeting word die ganse heil en verlossing in Christus gerealiseer : vergifnis van sonde, bevryding van die oordeel van God, geregtigheid, die kindskap van God, die ewige lewe. Dit bring mee dat die erediens ook vreugdekarakter het.

Die ontmoeting met God is nie maar 'n gebeurtenis van die oomblik, waarna alles bly soos dit was nie. Dit is die begin van 'n blywende verhouding en wat steeds weer versterk en vernuwe moet word.

Hierdie omvattende en veelseggende ontmoeting moet altyd weer in die erediens tot stand kom. Mooi het Uutenhove en Datheen die erediens en hierin die ontmoeting saamgevat : „ . .waar die volk van die verbond en die God van die verbond byeengekom het."

vi) **Die ontmoeting deur Woord en sakrament.** Die ontmoeting tussen God en sy volk vind veral plaas onder die gestalte van die Woord. Hierdie Woord spreek tot ons in verskillende vorm, as die Wet, as die gelese woord en in die gestalte van die prediking as Gods Woord wat uitgelê en toegepas word. Die ontmoeting vind ook plaas deur die sakramente en in besonder deur die Nagmaal. Die Woord en sakramente is altwee belangrik , nie een mag gemis word nie. Tog vir ons Kerk van die Reformasie val die hoofklem op die Woord, op die verkondiging van hierdie Woord.

Die ontmoeting van God met sy volk deur Woord en sakrament geskied deur die werking van die Heilige Gees. Hy bemiddel die heilsgoedere van Christus.

vii) **Die gesprek.** Hierdie ontmoeting van God met sy volk, verloop nie in stilte of woordeloos nie, maar juis in die gesprek. Dit word 'n wedersydse en persoonlike gesprek. God spreek die gelowige en sy gemeente eerste aan en wel deur Sy Woord, deur die diking, deur die wet en deur die seën — dit is die verbale spreke. God spreek egter ook die mens aan deur die sakramente — die sakramentale spreke. Die Heilige Gees maak hierdie aanspreke 'n werklikheid omdat Hy dit in die hart van die mens tuisbring.

In die erediens bestaan die tweede deel van die gesprek daarin dat die mense op die aanspreke van God antwoord. Die antwoord geskied deur die gebed, deur die lied, die belydenis van

geloof en deur die offergawes. Die antwoord van die mens beteken ten diepste die volle selfoorgawe met alles aan God.

Hierdie gesprek beteken nie dat God eers alles klaar spreek en die mens dan alles antwoord nie, maar algaande vind die gesprek plaas, waar God spreek en die mens antwoord, totdat God in die Skriflesing en prediking sy diepste woord spreek en die mens dan in die dankgebed, gawes en sang sy diepste antwoord gee.

Verder mag hierdie gesprek nie kunsmatig en ingewikkeld wees nie, maar dit verloop eg en spontaan. Alleen dan is dit 'n egte erediens. Die besondere ampte lei hierdie gesprek.

viii). **Saamkoms met mekaar.** Die erediens is waar die verskillende gelowiges met verskillende talente en gawes saamkom. Elkeen het 'n bydrae te lewer. Die nuwe verhouding beteken dat die gelowiges gesamentlik hulle Here dien : in die gebed, in die sang, in die gebruik van die sakramente en in die onderlinge gemeenskap. Hierdie gemeenskap moet eg en deurleef wees. Die erediens is dan ook die saamkom van die gelowiges met mekaar, in die teenwoordigheid van Christus. Dit is die onderlinge byeen-komste (Heb. 10:25). waar elkeen die gemeente dien met die besondere gawes.

ix) **Saamkom en uitgaan.** Die erediens beteken steeds dat diegene wat saamkom, met mekaar en met hulle Heer, weer in die wêreld moet uitgaan, as Sy getuies as sy dissipels om Hom daar te dien en te bely. Dit moet wees die vergadering en sending (Mat. 18:20;19,20). Die erediens moet oop wees na God, suiwer teenoor mekaar en oop na die wêreld. Die samekoms moet steeds geskied met die oog op die taak, die diens en getuienis van die Kerk in die wêreld. Losgemaak van die taak in die wêreld, verskrompel die erediens tot 'n sieklike selfbehaging.

x) **Die erediens van die gemeente.** Die erediens is die samekoms van die **gemeente.** Dit is nie 'n saak van 'n groep of van sommige lede nie. Dit is die offisiële vergadering van die gemeente. In die opset en verloop van die erediens moet dit ook sentraal staan dat dit die gemeente is wat aanbid, wat deelneem, wat hulle Here ontmoet en met Hom in gesprek verkeer. Anders as in die Ou Testament is dit nie slegs die priesters wat in die heiligdom mag ingaan en as tussenpersone vir die volk moet optree nie. Nee, die hele gemeente is 'n priesterskaar en die voorhangsel wat toegang tot God verhinder, is geskeur. Ander hoef nie offers vir ons te bring nie, die eenmalige offer is reeds deur Christus gebring.

Vir ons is dit die gemeente wat aan die erediens deelneem- en wat dan ook inderdaad aan die erediens moet deelneem. Daarvoor moet hulle teenwoordig wees.

Die gemeente verrig die erediens en deel daarin, onder leiding van die besondere ampte. Hier moet vir twee uiterstes gewaarsku word; eerstens vir die ampsoorskatting, sodat die gemeente onbewus in 'n minderwaardige posisie as toeskouers gedring word- soos by die Roomse Kerk. Aan die anderkant vir die onderskatting van die ampte, sodat alles vervloei in die vaarwater van die emosionalisme en die onordelikheid — soos by sektegroepe. By die prediking tree die liturg op as mondstuk van God en by ander dele as die mondstuk van die gemeente, soos in die gebed. Maar nêrens en dan ook nêrens mag die gemeente se groot voorreg om self handelend deel te neem, hom ontsê word nie. In ons Gereformeerde erediens waak ons met reg teen die geesdrywery en onordelikheid, maar ons moet veral waak vir 'n te formele erediens, wat noodwendig die gemeente in 'n passiewe houding bring.

xi) **Die erediens en die persoonlike godsdiens.** Die erediens is ten nouste verweef met die persoonlike godsdiens van die enkele gemeentelede. Daar is 'n wederkerige beïnvloeding van die twee terreine, wat twee aspekte van dieselfde saak is. Die erediens en die daaglikse lewe van die Christene staan nie teenoor mekaar as twee samehangende, maar afsonderlike sfere nie, maar soos twee konsentriese sirkels, waarvan die erediens die binneste is en van waar uit ook die buitenste sy inhoud en karakter kry." (K. Barth).

Die erediens moet in die daaglikse lewe tersake wees, meer nog: dit moet 'n „lewensliturgie" wees. Ons eie lewe moet elke dag 'n stuk erediens wees.

d) **Vernuwing van die erediens.**

Hierdie ryke inhoud van die erediens moet steeds 'n werklikheid wees. In toenemende mate moet die ryke inhoud en die polsende lewe tot openbaring kom. Dit gaan om die lewende verkeer van lewende mense met hulle lewende Here. Daarom moet dit steeds gekenmerk word deur die egte lewe en die polsende beweging. In die erediens moet die vreugdekarakter steeds ondervind word. Hier het immers reeds iets aangebreek van die magtige nuwe bedeling van Christus en van die krag van die Heilige Gees.

Hierdie lewe in die erediens word steeds weer bedreig om te versteen in 'n dooie vorm of gewoonte of om 'n mooi uiterlike skyn aan te neem om die innerlike doodsheid te bedek.

Solank die erediens op aarde gevier word, moet dit lewend gehou word en moet dit steeds vernuwe word. Die gevare om die lewe uit te doof, moet afgeslaan word, die neiging om in 'n sleur

te verval moet ontwyk word, die verlokking om op allerlei syweë te beland, moet weerstaan word. Steeds weer moet die erediens bly in die hoofstroom, in die stroom van die Nuwe Testament. In die erediens moet daar 'n vorm geld, maar die vorm mag nooit verabsoluteer word nie. Ook mag ons nie meen dat die vorm wat eenmaal goed was, nooit meer gewysig mag word nie. Dit moet steeds wees die **erediens vir ons dag**. Van die erediens sê M. Luther :" Die hoofsaak van hierdie en alle ordening is om dit so te gebruik dat waar daaruit 'n misbruik ontstaan, daarmee flink weggedoen en 'n ander gemaak word. Immers, die ordeninge moet dien tot die bevordering van die geloof en die liefde en nie tot nadeel van die geloof nie. Wanneer dit hierdie dinge nie meer doen nie, is dit reeds dood en afgedaan en geld dit nie meer nie, soos wanneer 'n goeie munt vervals word en dan ter wille van misbruik opgehef en verander word; of soos wanneer nuwe skoene oud word en druk en dan nie meer gedra word nie, maar weggegooi en ander gekoop word. Orde is 'n uiterlike ding, dit kan so goed wees as dit wil, dit kan in misbruik geraak. . ."

Oral in die verskillende kerke vandag is daar 'n ernsige soek na vernuwing van die erediens. Studies, referate, nuwe ordes van erediens en selfs diensboeke kom in 'n onafgebroke stroom na ons. In ons eie kerk het ons feitlik nog maar net geraak aan die vernuwing van die erediens. Dit is opvallend hoe min in die verlede die kerk offisiëel aandag gegee het aan die erediens en aan die vormgewing daarvan. Vele dinge het ingeburger geraak, sonder dat die kerk hom daarvan rekenskap gegee het.

Ons erediens op aarde is nog voorlopig en gebrekkig. Die verlossing en die ontmoeting met die Here het 'n werklikheid geword, maar dit is nog voorlopig. Die werklike, ongestoorde gemeenskap met God moet nog kom. Dan sal die ware erediens aanbreek. Ons erediens op aarde is maar 'n floue afskaduwing van die hemelse erediens wat ons nog deelagtig moet word. Dit moet wonderlik wees as die voltallige skaar van gelowiges, saam met al die engele en die lewende wesens, op volmaakte wyse die wonderlike Naam van God sal prys en verheerlik en in die teenwoordigheid van Hom sal lewe.

## III. DIE DIEPSTE WESE VAN DIE KERK WORD IN DIE EREDIENS KENBAAR EN SIGBAAR.

Die sentrum, die middelpunt, die hartstuk van die kerk, van die kerklike lewe en arbeid, is die erediens. Die hele godsdienstige en kerklike lewe lei na hierdie middelpunt en word van hieruit gevoed, gestimuleer en geaktiveer. Soos die naaf van 'n wiel al die

speke saamvat, soos die brandglas al die strale van die son op een punt saamtrek, soos die hart die lewegewende bloed deur die liggaam pomp, — so is ook die erediens die konsentrasiepunt van die kerklike lewe en arbeid. Hier kom die wese en kwaliteit van die kerk tot openbaring. „Die kerklike erediens is die belangrikste, dringendste en heerlikste wat in die geheel op aarde kan geskied." (K. Barth) „In Worship the sources by which religion lives are made visible, its expectations and hopes are expressed, and the forces which sustain it are made known." (G. Delling). Tereg sê A. D. Müller: „Die erediens is die mees konkrete antwoord op die vraag, waar die kerk is. Die erediens is die sentraalste, mees komplekse en mees gekonsentreerde verskyning van dit waarop dit in die verwerkliking van die ryk van God aankom".

Nooit mag die erediens as 'n geïsoleerde grootheid beskou word nie. Dit staan steeds in die nouste wisselwerking met die lewe van elke dag. Die lewe van elke dag vind sy weerklank in die erediens en die erediens beïnvloed dit in al sy funksies. Die erediens is die uitstralingsoord van die hele kerklike lewe en werk.

## IV. KERKVERNUWING EN VERNUWING VAN DIE EREDIENS HANG ONLOSMAAKLIK SAAM.

Nadat ons nagegaan het wat die kerk ten diepste is en wat die wese van die erediens is en dat die wese, gestalte en arbeid van die kerk die duidelikste in die erediens tot openbaring kom, kan die stelling hierbo naamlik dat elke ware vernuwing van die kerk lei tot vernuwing van die erediens, en elke ware vernuwing van die erediens lei tot vernuwing van die kerk, as bewese beskou word. Immers, vernuwing van die kerk, móét die vernuwing van die middelpunt ,naamlik die erediens, tot gevolg hê. Waar aan die ander kant werklike vernuwing van die erediens plaasvind, móét dit in al die fasette van die kerklike lewe en arbeid gevoel word, want die middelpunt is vernuwe. **Lex orandi ,lex credendi** (Die wyse van aanbidding van die kerk is die wyse waarop die kerk glo).

In die geskiedenis van Israel en van die kerk sien ons dit ook duidelik dat ware vernuwing van die kerk lei tot vernuwing van die erediens en ware vernuwing van die erediens weer die vernuwing van die kerk tot gevolg het— die hervorming onder Josia (II Kon. 22:33; II Kron. 34; 35); die nuwe bedeling onder Jesus Christus; die Reformasie, en op kleiner skaal die Doleantie in Nederland.

Aan die anderkant kan verval in die kerk die eerste gemerk word in die verval in die erediens en verval in die erediens word weer in die verval van die kerk gesien—die verandering toe die kerk na 313 staatsgodsdiens geword het, deur die Aufklärung, ens.

Waar hierdie stelling bewys is en deur die geskiedenis bevestig is, kan ons met reg verwag dat as daar werklike vernuwing van die erediens plaasvind in die kerk, dit sal lei tot die vernuwing van die hele kerk. Laat ons daarom werk en bid vir 'n werklike vernuwing van die erediens — wat met ander woorde beteken om te werk en te bid vir ware kerkvernuwing. Vernuwing van die erediens en vernuwing van die kerk is Gods wil en dit is vir ons belowe — ook vir ons dag.